# 4. BEDRYFS- EN BESTUURSREKENINGKUNDIGE WINSBEPALING[1]

T Eloff

Bedryfs- en bestuursrekeningkunde, PU vir CHO

## ABSTRACT

**This article, originally an inaugural lecture in the Departement of Industrial and Managerial Accountancy, deals with the determination of profit. The article contains a brief survey of the discipline of Industrial and Managerial Accountancy, the determination of profit in accordance with the relevant industrial and managerial accountancy techniques, and subsequently with a consideration of the practices followed in the department concerned. The article culminates in a projection of future demands, seen within the framework of a Christian world view.**

## 1. INLEIDING

Die doel van die artikel is om verantwoording te doen ten opsigte van die huidige sowel as die toekomsverwagtinge van 'n akademiese departement, en dan spesifiek ten aansien van die Departement Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde. In die finansiële wêreld word verantwoording gedoen deur middel van winsbepaling. Wins wat in 'n sakeonderneming behaal word, weerspieël tot 'n groot mate die toekomsverwagtinge van 'n sakeonderneming. Daarom is die onderwerp vir hierdie artikel die Bedryfs- en Bestuursrekeningkundige winsbepaling en sal die onderwerp aan die hand van twee hoofpunte, nl. Winsbepaling volgens Bedryfs- en Bestuursrekeningkundige metodes, en winsbepaling van die Departement Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde, behandel word. Vooraf egter iets meer oor Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde as wetenskap.

[1] Geredigeerde weergawe van die inougurele rede in die departement Bedryfs- en bestuursrekeningkunde gelewer.



Koers 51(4) 1986

ISSn 0023-270X

## 2. NADERE OMSKRYWING VAN BEDRYFS- EN BESTUURSREKENINGKUNDE

Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde is die wetenskap wat tot die Finansiële Rekeningkunde ontwikkel het. Waar Finansiële Rekeningkunde hom besig hou met die te boekstelling van die werklike bedryfsgebeure vir eksterne verslagdoening, dit wil sê verslagdoening aan die eienaars of aandeelhouers, krediteure en die Ontvanger van Inkomste, hou Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde hom in hoofsaak besig met die aantekening van interne bedryfsgebeure vir interne verslagdoening aan die ondernemingsbestuur vir doeltreffendheidsbeoordeling en besluitnemingsdoeleindes. Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde gebruik dieselfde basiese inligting as Finansiële Rekeningkunde, maar voeg daarby die interne bedryfsrekeningkundige inligting, verwerk en veredel dan sodanige inligting, sodat dit vir die ondernemingsbestuur vir hulle beplannings- en kontrole-aktiwiteite sowel as vir bestuursbesluitneming bruikbaar is.

## 3. WINSBEPALING VOLGENS BEDRYFS- EN BESTUURSREKENINGKUNDIGE METODES

### 3.1 Nadere omskrywing van die begrip wins

Tans word daar van die begrip wins wegbeweeg as gevolg van die negatiewe konnotasie wat daaraan verbonde is vanweë sekere uitbuitingspraktyke. Sedert Karl Marx se betoog dat die maak van wins altyd een persoon bevoordeel, nl. die kapitalis, en 'n ander benadeel, nl. die arbeider, kleef daar 'n stigma aan die winsbegrip. Wins het in baie gevalle 'n term geword wat vereenselwig word met onetiese gedrag, uitbuitery, ongenaakbaarheid en onchristelikheid.

Die begrip netto inkomste daarenteen het uit die winsbegrip ontstaan en is meer beskrywend van wat onder wins in 'n sakeonderneming verstaan word. Verder is daar nie 'n negatiewe konnotasie aan die begrip netto inkomste gekoppel nie, as gevolg van die feit dat netto inkomste volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk bepaal word. Vir die doeleindes van hierdie rede sal egter gebruik gemaak word van die begrip

wins in plaas van die meer aanvaarbare begrip netto inkomste, omdat wins nog algemeen in die gewone spreektaal gebruik word.

Winsneming kan nie as sodanig afgewys word nie, maar die oorbeklemtoning van die winsmotief vir blote selfdiens, magswellus en snobistiese verheffing is vir die Christen verkeerd. Elke onderneming se voortbestaan is van die maak van wins afhanklik. Wins is nodig vir die handhwing van die rentabiliteit, solvabiliteit en likiditeit van 'n onderneming. Wat die winsbeskouing ook al mag wees, sal die sakeonderneming nie kan voortbestaan indien dit nie wins lewer nie, maar dit verhef wins nie tot die hoofdoelstelling van 'n sakeonderneming nie. Die mens sou nie kon bly leef indien hy nie eet nie, maar om te eet kan immers nie verhef word tot die mens se hoogste doel nie. Wins moet gesien word as 'n middel tot die breë doelstelling van diensbaarheid ter vervulling van die roeping waartoe ons deur God geroep is, naamlik tot medewerksaamheid in God se skepping. Rykdom, of geld as sodanig, is ook deel van God se skepping en is deel van dit waaroor die mens met verantwoordelikheid teenoor God moet heers. Die strewe om inkomste te verhoog, of rykdom te verwerf of optimum wins te behaal, is heeltemal in orde, mits dit as deel van die totale rentmeesterskapsbeoefening gesien en uitgeleef word (Geertsema, 1985:36).

Die doel van enige sakeonderneming is om wins te maak uit die bevrediging van die behoeftes van klante, hetsy uit die verkoop van 'n produk, hetsy uit die lewering van 'n diens.

Uit die winste hoop die eienaars of aandeelhouers van 'n sakeonderneming om meer middele beskikbaar te kry vir die bevrediging van hulle eie behoeftes. Kortliks kan gestel word dat 'n sakeonderneming se wins 'n aanduiding is van die mate van sukses wat behaal is in die ekonomiese behoeftebevredigingsproses. Winsbepaling is dan enersyds die meting van die intensiteit van die behoeftebevrediging wat bereik is, en andersyds die meting van die offers wat gebring moes word om die bepaalde behoeftes te bevredig. Die meting of winsbepaling geskied in terme van geld wat gebruik word as gemeenskaplike rekeneenheid wat as waardemaatstaf moet dien.

Die winsbegrip is aan die waardebegrip gekoppel, deurdat wins gesien word as 'n waarde-oorskot. Wins word beskou as 'n vermoënstoeneming, alhoewel nie elke vermoënstoeneming wins is nie. Die vermoënstoeneming is eers wins indien dit vir vertering of uitkering vatbaar is. Dit beteken dat die kapitaal wat in 'n onderneming belê is, in reële terme ongeskonde gehou moet word. Kapitaal bly in reële terme ongeskonde indien die waarde of koopkrag daarvan aan die einde van die winsbepalingsperiode dieselfde is as aan die begin van die winsbepalingsperiode. Die moontlikheid van vertering of uitkering moet dan ook volgens Van der Schroeff as 'n wesenskenmerk van wins beskou word (Van der Schroeff, 1957:54).

3.2 Die doel met winsbepaling

Winsbepaling is om verantwoording te doen. In die eerste plek is elke mens verantwoording verskuldig aan God oor hoe hy die gawes en talente wat hy van God ontvang het, hier op aarde gebruik, en die mensdom is niks anders as bestuurders van God se eiendom nie.

Die bestuur van 'n onderneming is ook verantwoording verskuldig aan die eienaars of aandeelhouers van die onderneming oor hoe hulle met die eiendom van die eienaars of aandeelhouers omgegaan het, en of die wins 'n redelike opbrengs op hulle belegging lewer en of die onderneming se verdienvermoë in die toekoms beveilig is.

Die bestuur is egter ook verantwoording verskuldig aan die krediteure van die onderneming, in dié sin dat van bestuur verwag word om die vermoë van die onderneming in stand te hou om skuld en rente te kan delg.

Die bestuur is ook verantwoording verskuldig aan die landsowerheid, in dié sin dat bestuur 'n belastingverpligting het ten opsigte van wins wat behaal word - "Betaal aan die Keiser wat hom toekom".

Verder is bestuur ook verantwoording verskuldig aan die werknemers van die onderneming. Die arbeider is sy loon waardig, en wins mag nie verkry word ten koste van 'n regverdige vergoeding aan die werknemers van die onderneming nie. Die liefdesgebod, nl. liefde tot die naaste,

noodsaak bestuur ook om waar moontlik werksgeleenthede te skep deur middel van uitbreiding sowel as om bestaande werksgeleenthede te beskerm en in stand te hou.

Om verantwoording deur middel van winsbepaling aan die verskillende belanghebbendes te kan doen is dit belangrik dat gekyk word na hoe wins bepaal moet word, en dan veral na regverdige winsbepaling in verantwoordelikheid teenoor die belanghebbendes. Ten opsigte van al hierdie belanghebbendes by winsbepaling moet die bestuur van 'n onderneming besef dat die terrein van die materiële 'n toetslaboratorium is waar die belanghebbende geweeg en getoets word ten opsigte van hul verhoudings. Dit geld nie slegs vir die materiële aspekte wat aan hul toevertrou is nie, maar ook deur hierdie materiële aspekte in hul verhouding tot die Gewer daarvan en ook hul verhouding tot die medemens. - "Wat sal dit 'n mens help as hy die wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor...?" (Matt. 16:26).

3.3 Verantwoordelike winsbepaling

Wins is die gunstige verskil tussen inkomste en die koste aangegaan vir die verkryging van daardie inkomste oor 'n sekere periode gemeet in terme van gelyke koopkragwaarde, met dié voorbehoud dat die kapitaal belê in die onderneming in reële terme ongeskonde gehou word.

In die literatuur en praktyk bestaan uiteenlopende definisies van wat wins is; hulle verskille lê meestal in wat met die begrip koste bedoel word.

Koste is alleen die offers wat ekonomies onvermybaar en tegnies noodsaaklik is vir die vervaardiging van 'n produk of die lewering van 'n diens. Offers wat nie hieraan voldoen nie, word as verspillings aangeteken. Koste en uitgawe is ook nie sinonieme begrippe nie. Elke uitgawe vorm nie koste nie, omdat sekere uitgawes ook as verspillings aangeteken kan word, en alle koste hoef ook nie met 'n direkte uitgawe gepaard te gaan nie, soos byvoorbeeld waardevermindering.

Verspillings kan nie as koste gereken word nie, omdat dit onregverdig is om die ondoeltreffendhede van 'n onderneming as koste vir

prysbepalingsdoeleindes in berekening te bring. Verspillings word egter wel in berekening gebring vir winsbepalingsdoeleindes en verminder sodoende die wins van 'n onderneming.

'n Belangrike riglyn vir winsbepaling word ook in die definisie van wins neergelê, nl. dat dieselfde waardemaatstaf aangewend moet word om beide koste en inkomste op die tydstip van winsbepaling te meet. Geldwaarde word gebruik om as waardemaatstaf te dien, maar die probleem ontstaan deurdat geld as waardemaatstaf verander in koopkragwaarde as gevolg van inflasie. Koste en inkomste moet vir winsbepalingsdoeleindes aangepas word na geldwaardes met gelyke koopkragwaarde, aangesien die waarde van geld gemeet word in terme van sy koopkragwaarde.

Die metodes wat meestal vir winsbepalingsdoeleindes in gebruik is, voldoen nie meer aan die vereistes vir verantwoordelike winsbepaling nie, aangesien dit op historiese koste- en inkomstegegewens gebaseer word. Onder historiese koste- en inkomstegegewens word koste en inkomste van die verlede verstaan. Winsbepaling gebaseer op historiese koste en inkomste besit in 'n inflasionistiese mark die volgende tekortkominge:

1. Historiese koste en inkomste bied geen betroubare basis waaraan die ekonomiese werkverrigting van 'n onderneming gemeet kan word nie.

2. Historiese koste kan nie as basis vir kosprys- en verkoopprysbepaling dien nie.

3. Die wins gebaseer op historiese koste en inkomste is in tye van inflasie misleidend, aangesien dit nie alles vir vertering of uitkering vatbaar is sonder om op die kapitaal van die onderneming in te teer nie.

4. Die wins gebaseer op historiese koste en inkomste verskaf 'n onbevredigende basis vir die dividendbeleid van 'n onderneming en kan die likiditeits-, solvabiliteits- en rentabiliteitsposisie van die onderneming nadelig beïnvloed.

Om bogenoemde tekortkominge van die historiese-kostemetode te probeer oorkom, word in die praktyk van voorafbepaalde koste deur

gebruikmaking van 'n veranderlike begrotingstelsel of die aansuiwering van historiese koste deur middel van indekssyfers gebruik gemaak.

Wins moet egter so bepaal word dat die nominale eienaarsbelang in 'n sakeonderneming in stand gehou word. Dit kan nie met historiese koste as basis vir winsbepaling bereik word nie. Die huidige-kostemetode gee 'n beter insig in die huidige doeltreffendheid van bestuur aan wie die aandeelhouers hulle kapitaal toevertrou het en verskaf objektiewe inligting aan die eienaars oor hoeveel hulle in nominale geldeenhede "beter daaraan toe" is. Verder is die huidige-kostemetode ook 'n hulp vir die aandeelhouers om vooruitskattings van toekomsverwagtinge te maak en om die waarde van hulle belang in die onderneming te bepaal. Die metode verskaf ook aan bestuur inligting waarmee hulle die resultate van die gevoerde beleid kan toets en bepaal of hulle daarin geslaag het om 'n redelike opbrengs vir die eienaars te verdien (Redelinghuys, 1972: 172).

3.4 Winsbepaling in die praktyk

Om aan die eise van vandag te voldoen moet wins as verteerbare inkomste beskou word, dit wil sê die wins moet uitgekeer of verteer kan word sonder dat die kapitaal- en produksievermoë van die onderneming nadelig beïnvloed word.

Om aan die eis van uitkeerbaarheid en verteerbaarheid te voldoen is heelwat aanpassings in die praktyk aan die historiese kostebenadering gemaak.

- Navorsing het aan die lig gebring dat

  166 maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, aan die einde van 1984 sommige of al hulle vaste bates gerevalueer het. Hierdie revaluasiereserwes het in 1984 R 1 629 miljoen beloop teenoor R520 miljoen aan die einde van 1980 (Joubert en Hamman, 1985:2).

- Tot 1984 was die laaste-in-eerste-uit-metode van voorraadwaardering, wat koste meer in ooreenstemming gebring het met huidige koste, baie gewild. Hierdie metode van voorraadwaardering het laer winste en

ook laer inkomstebelastingaanspreeklikheid tot gevolg gehad. Belastingbesparings deur die 84 genoteerde maatskappye wat gebruik gemaak het van die laaste-in-eerste-uit-metode van voorraadwaardering, voordat hierdie metode van voorraadwaardering in 1984 deur die minister van finansies teruggetref is, was soos volg:

1981 - R48 miljoen
1982 - R112 miljoen
1983 - R75 miljoen
(Joubert en Hamman, 1985:3).

Sommige ondernemings het steeds na die terugtrekking van hierdie belastingbasis vir eie interne doeleindes voortgegaan om die laaste-in-eerste-uit-metode van voorraadwaardering te gebruik.

- Joubert en Hamman (1945:4) het bepaal dat die werklike wins, dit wil sê aangesuiwerde wins om voorsiening te maak vir inflasie, van maatskappye in 18 sektore van die Johannesburgse Effektebeurs in 1979 slegs 56,5% van hulle gerapporteerde wins was. Met die huidige hoë inflasiekoers sal die prentjie nog donkerder vertoon.

Ondernemings poog ook om te ontkom aan die invloed van inflasie op die vervanging van bates wat in waarde depresieer deur op 'n lukraak manier wàardeverminderingafskrywing vir eie interne doeleindes te vehroog. So byvoorbeeld het twee semi-staatsinstellings gedurende 1984 addisionele waardevermindering op hulle bates soos volg afgeskryf (Joubert en Hamman, 1985:8):

Evkom het R679 miljoen addisionele waardevermindering bo en behalwe die R304 miljoen se normale waardevermindering afgeskryf.

Die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste het R545 miljoen se addisionele waardevermindering bo en behalwe die R420 miljoen se normale waardevermindering afgeskryf.

Bogenoemde tendens word ook by openbare maatskappye aangetref waar vervangingsreserwes op 'n lukraak manier uit winste geskep word in 'n poging om die reële kapitaal van die onderneming in stand te hou en om

slegs die verteerbare gedeelte van die wins uit te keer in die vorm van dividende.

Om aan die verantwoordelikhede, soos reeds uiteengesit, te kan voldoen moet bestuur in die winsbepaling nie alleen die riglyne soos deur die belastingwet voorgeskryf vir interne doeltreffendheidsbeoordeling, beleidsbepaling en besluitnemingsdoeleindes volg nie, maar ook gebruik maak van verantwoordelike Bedryfs- en Bestuursrekeningkundige riglyne vir winsbepalingsdoeleindes, vir doeltreffendheidsbeoordeling, vir beleidsbepaling en vir besluitnemingsdoeleindes.

Die riglyne vir winsbepaling soos deur die belastingwet voorgeskryf het nie die bestuursfunksie van 'n onderneming op die oog nie, maar wel die bepaling van die belastingaanspreeklikheid van 'n onderneming.

## 4. WINSBEPALING VAN DIE DEPARTEMENT BEDRYFS- EN BESTUURSREKENINGKUNDE

### 4.1 Algemeen

Indien die wins van die Departement Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde aan die PU vir CHO bepaal wil word, moet dieselfde riglyne gevolg word as wat vir Bedryfs- en Bestuursrekeningkundige winsbepaling van sakeondernemings neergelê word.

Koste en inkomste moet in terme van gelyke koopkragwaarde gemeet word. Historiese koste is, soos hierbo aangetoon, in hierdie geval irrelevant vir verkoopprysbepaling en tot 'n groot mate ook vir bestuursbesluitneming. Die winsbepaling van Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde moet in terme van huidige koste en inkomste geskied.

Verder moet die winsbepaling geskied met inagneming van die kapitaal wat in reële terme in stand gehou moet word.

Die aktiwiteite of produksie van die departement kan soos enige ander akademiese departement verdeel word in onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens.

Onderrig word beskou as die hoofaktiwiteit van die departement. Navorsing word as 'n diensaktiwiteit in die departement beskou en word in twee verdeel, naamlik navorsing vir interne doeleindes, dit wil sê baiese navorsing om die onderrigtaak van die departement te ondersteun, en toegepaste navorsing om die derde aktiwiteit van die departement, naamlik gemeenskapsdiens, te ondersteun.

Inflasie het ook sy invloed op die departement laat geld, studentegetalle het toegeneem, tegnologiese ontwikkeling het in die vorm van rekenaartegnologie plaasgevind. Die rekenaartegnologie maak dit moontlik om meer inligting volgens Bedryfs- en Bestuursrekeningkundige metodes en tegnieke te versamel, dit vinniger te verwerk, sodat dit vir doeltreffendheidsbeoordeling en bestuursbesluitneming bruikbaar is. Die wetenskaplike kennis ten opsigte van Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde het ook die afgelope 10 jaar geweldig toegeneem.

Hierdie inflasionistiese invloede op die departement noodsaak dan ook dat by die winsbepaling van die departement voorsorg getref moet word dat die kapitaal wat in die departement belê is in die vorm van personeel en infrastruktuur, in reële terme in stand gehou moet word.

Om die kapitaal van die departement in reële terme in stand te hou moet genoegsame geleentheid aan die personeel gebied word om die ekonomiese en tegniese slytasie wat hulle ondervind, tot 'n minimum te beperk deur voldoende tyd vir selfstudie en navorsing vir die onderrigtaak in te ruim. Personeel moet kan tred hou met veranderinge op hul vakgebied. Voorsiening moet ook gemaak word om die bates van die departement in die vorm van personeel en infrastruktuur aan die einde van hulle ekonomiese leeftyd te vervang om sodoende die kapitaal wat in die departement belê is in reële terme in stand te hou.

Die winsgewendheid van die departement word in 'n groot mate bepaal deur die voltooide produkte wat in die mark "verkoop" word. Hierdie voltooide produkte bestaan uit studente wat as totale mense vir hulle Godgegewe roepinge opgelei is. Verspillings kan nie toegelaat word nie en kwaliteitskontrole is noodsaaklik om verspillings uit te skakel en om 'n eindproduk van goeie kwaliteit te lewer. Om dit te bereik word

voortdurend gekyk na wat die mark vereis, en noue kontak tussen die departement en die praktyk is nie net wenslik nie maar ook noodsaaklik.

4.2 Beoordeling van die departement na aanleiding van die winsbepaling

4.3.1 Beoordeling binne die universitêre opset

Winsbepaling gebaseer op historiese koste van die departement is irrelevant vir huidige of toekomstige winsbepaling. Huidige koste en omstandighede sowel as toekomstige koste en omstandighede moet vir die winsbepaling van die departement sowel as vir bestuursbesluitneming rakende die departement in berekening gebring word. Konserwatief is bereken dat vir 1986 die geldelike inkomste wat die departement vir die Universiteit genereer deur middel van onderrig, ongeveer 3 keer soveel as die direkte onderrigkoste van die departement beloop.

Verder is bereken dat die nagraadse komponent van die departement se onderrigtaak alleen meer as voldoende inkomste vir die Universiteit genereer as wat die koste van die direkte onderrig in die departement in sy geheel behels.

Hieruit kan afgelei word dat die departement 'n wesentlike bydrae maak tot die inkomste van die Universiteit, wat aangewend kan word vir die nodige kruissubsidiëring aan die Universiteit in sy geheel.

4.2.2. Beoordeling volgens die kriteria van 'n sakeonderneming

By die beoordeling van die finansiële resultate van 'n sakeonderneming kan gebruik gemaak word van vergelykingsmaatstawwe of standaarde.

Die eerste vergelykingsmaatstaf wat gebruik gaan word vir die beoordeling van die resultate van die departement, is die vooruitberekende maatstaf. Dit is die maatstaf van wat die resultate onder bepaalde omstandighede volgens logiese berekeninge behoort te wees. Alle aanduidings bestaan dat die groei in studentegetalle van die departement in die toekoms gehandhaaf kan word, eerstens as gevolg van die relatief hoë pryse/salarisse wat vir die departement se produkte/studente in die praktyk betaal word. Die styging in die

kostestruktuur van sakeondernemings as gevolg van inflasie het dit vir sakeondernemings noodsaaklik gemaak om bedryfs- en bestuursrekenmeesters in diens te neem. Sakeondernemings se enigste uitweg om hulle wins te verhoog is in meeste gevalle verhoogde doeltreffendheid en beter bestuursbesluitneming wat op korrekte kostegegewens gebaseer en vir huidige omstandighede verwerk en veredel is, sodat die effektiefste bestuursbesluite geneem kan word en die hoogs moontlike doeltreffendheid behaal kan word.

Die tweede maatstaf is dié van ooreenstemmende gegewens ten opsigte van 'n voorafgaande tydperk vir dieselfde onderneming. Deur middel van hiérdie maatstaf kan ontwikkelingstendense afgelei word. Gedurende die afgelope twee jaar het die departement 'n groeikoers in studentegetalle gehad van

> gemiddeld 12,7% per jaar op voorgraadse vlak, teenoor 7,19% vir die Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe in die geheel

en

> gemiddeld 13,7% per jaar op nagraadse vlak, teenoor 12,53% vir die Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe in die geheel.

Hierdie groei is behaal nieteenstaande die feit dat die toelaatingsvereistes tot nagraadse studie deurgaans verhoog is. Die kwaliteit van opleiding is ewe-eens verhoog, in dié sin dat die leerplanne aangepas is om voorsiening te maak vir die huidige asook toekomstige behoeftes van die praktyk. Dit het meegebring dat die omvang van die akademiese werk sinvol toegeneem het asook die eise wat aan studente gestel word, wat daarop gerig is om hulle kritiese denkvermoë te verskerp. Daar word gepoog om studente op te voed om ontledend en krities te dink.

Die derde maatstaf is dié van ooreenstemmende gegewens van ander gelyksoortige ondernemings. Hier kan met trots vermeld word dat waar ander Afrikaanse universiteite nou eers poog om selfstandige departemente vir Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde los van Finansiële Rekeningkunde gevestig te kry, die PU vir CHO reeds die afgelope 25 jaar oor 'n selfstandige departement vir Bedryfs- en

Bestuursrekeningkunde beskik. Hierdie selfstandigheid het tot gevolg gehad dat die PU vir CHO die ander Afrikaanse universiteite ver voor is sover dit die opleiding van nagraadse studente in Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde betref. In dié verband kan genoem word dat 10 oud-studente van die department tans byvoorbeeld professore aan universiteite is, 9 aan binnelandse universiteite en een aan 'n oorsese universiteit.

4.3 Toekomseise

Die veranderinge van die tegnologiese era wat onder andere persoonlike lewens beïnvloed, het in die sakewêreld op 'n verskeidenheid terreine ook reeds sy invloed laat geld. Dit het ook die wyse van bestuur van ondernemings begin beïnvloed. Onder hierdie veranderinge tel die volgende:

- Die gebruik van die rekenaartegnologie wat bestuurders dwing om rekenaargeletterd te raak, sodat die werkverrigting van die onderneming ten opsigte van die verlede, die hede en die toekoms in perspektief gesien kan word. Dit stel bestuur in staat om meer akkurate vooruitskattings te kan maak en beter besluite te kan neem.

- Die inligtingsontploffing dwing senior uitvoerende amptenare van ondernemings om meer en meer staat te maak op ondergeskiktes. In die lig van die nuwe tegnologie moet elke uitvoerende amptenaar leer om te weet wat hy nie weet nie.

- Die versnelling van die demokratisering in die gemeenskap, wat bevorderinggeleenthede open vir bekwame persone, persone wat aandring op en die reg het om deel te neem aan basiese besluitneming. Middelvlakbestuur sal al hoe meer aanspraak daarop maak om 'n betekenisvolle rol in ondernemingsbeplanning en -besluitneming te speel.

- Die grootte en kompleksiteit van ondernemings het nie net bygedra tot enorme groei in verkoopsinkomste van ondernemings nie, maar ook in die aktiwiteite van ondernemings as gevolg van die diversifikasie van ondernemings. Hierdie diversifikasie sal beslis

bydra tot middelvlakbestuur se krag om deel te neem aan besluitneming.

- Die demografiese verskuiwings wat plaasvind in die arbeidsmark deur die toename van vrouens in die arbeidsmag wat aanspraak maak op gelyke geleenthede, sowel as die gemiddelde ouderdom van die arbeidsmag wat hoër neig moet ook in gedagte gehou word. Volgens vooruitskattings sal die gemiddelde ouderdom van die arbeidsmag in die jaar 2000 op 42 te staan kom (Korey, 1985:6).

Om te kan tred hou met hierdie veranderde omstandighede sal die bestuurders van die toekoms:

- Die behoeftes en waardes van hulle werknemers moet verstaan en moet fokus op die behoeftes van betekenisvolle werk en toenemende verantwoordelikheid. Dit sal meebring dat meer navorsing gedoen moet word wat op menslike hulpbronbestuur gerig is.

- Sodanig opgelei moet word dat hulle die veranderde omstandighede sinvol sal kan hanteer. Hulle sal hulle teoretiese kennis moet kombineer met die praktiese ervaring wat hulle opdoen. Hulle sal persone moet wees met wye lewenservaring wat ondersteun word deur analitiese bekwaamhede wat hulle in staat sal stel om die kontrolefunksie in 'n onderneming te kan hanteer.

- Nie net in staat moet wees om inligting te versamel nie, maar ook in staat moet wees om inligting te selekteer, dit te absorbeer en weet hoe om dit te gebruik.

- As gevolg van die vermindering van die reaksietyd wat nodig is vir sake-aktiwiteite as gevolg van die toename in elektroniese kommunikasietegnologie, en die beter beskikbaarheid van inligting, sal bestuur korter tyd vir besluitneming beskikbaar hê.

- Top uitvoerende amptenare van ondernemings sal primêr generaliste moet wees. Hulle sal in staat moet wees om 'n totale stelsel te hanteer, waar in- en uitset aangewend word in 'n rasioneel logiese

verhouding. Hulle sal die verskillende funksies in die onderneming moet kan koördineer.

- Om die uitdagings van die veranderinge in ondernemings te kan hanteer sal bestuur moet wegkom van die "probeer en fouteer"-benadering. Hulle sal moet leer om gebruik te maak van alle moontlike bestuurstegnieke en wetenskaplike metodes om besluitneming te verbeter en om 'n groter mate van akkuraatheid in hulle besluitneming te bereik (Korey, 1985:7).

## 5. SLOT

Die vraag kan nou gevra word watter rol moet die Departement Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde ten opsigte van hierdie toekomseise speel?

Die departement moet sorg dat onderrig die eerste prioriteit bly, terwyl basiese navorsing op die vakgebied, wat onontbeerlik vir die onderrigtaak is, nie agterweë mag bly nie. Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde se opleiding moet nog meer gerig wees op die beginsels van die vak, sodat studente opgevoed kan word tot kreatiewe denke. Studente in Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde moet geleer word om nuwe metodes en tegnieke te ontwikkel om aan bestuur se behoeftes ten opsigte van kontrole, doeltreffendheidsbeoordeling en besluitneming te voldoen, sodat die bronne van 'n onderneming tot die maksimum benut kan word en die optimum regverdige wins hieruit behaal kan word.

Om hierdie rede word die studie op nagraadse vlak in Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde hoofsaaklik in twee hoofrigtings verdeel, naamlik Kosprysdenke en Bestuursrekeningkundige denke. Alhoewel die klem op Suid-Afrikaanse sake-omstandighede geplaas word, is daar baie te leer uit oorsese praktyke. Om op die voorpunt te bly sal die departement aanpassing moet maak om voorsiening te maak vir die benutting van tegnologiese ontwikkelinge en sal slegs die beste studentemateriaal vir nagraadse studie uitgesoek moet word. Verder sal die onderrig en opleiding sodanig moet wees dat studente nie slegs napraters sal wees nie, maar dat hulle gestimuleer sal word tot kreatiewe denke en teoretiese abstraksie wat weer sy neerslag in die praktyk van Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde sal vind.

Heerlike uitdagings lê vir die departement voor die deur as gevolg van die verskillende veranderinge wat in die organisasie en bestuur van ondernemings asook in die tegnologie besig is om plaas te vind en ook nog in die jare wat kom, sal plaasvind. Daar sal voorsorg getref moet word dat die kapitaal wat in die departement belê is, in reële terme ongeskonde bly. Verder sal personeel op hoogte moet bly van vakontwikkelinge, en hulle sal self 'n bydrae moet lewer in die vorm van die ontdekking en ontwikkeling van nuwe metodes en tegnieke in die Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde wat bestuur behulpsaam kan wees in die uitvoering van hulle Godgegewe roeping om die bronne van die onderneming wat aan hulle toevertrou is, maksimaal te benut. Met so 'n optimale benutting van bronne kan die optimum regverdige wins behaal word sonder dat daar op kapitaal ingeteer word.

Daar word aan die vooraand van 'n tydperk van groot geleenthede en uitdagings gestaan, en daar kan saam met die wysgeer die versugting geuiter word: "Mag ons die krag ontvang en gebruik om te verander dit wat binne ons vermoë is om te verander, mag ons die aanpassingsvermoë ontvang om te berus in dit wat ons nie kan verander nie, maar mag ons bowenal die wysheid ontvang om te weet wat die verskil tussen die twee is."

Bedryfs- en Bestuursrekenmeesters sal slegs hierdie uitdagings kan aanvaar en in geleenthede omskep indien hulle reg onderrig en opgevoed is, ook as totale mense vir hulle Godgegewe roepinge hier op aarde, sodat op die dag van winsbepaling, wanneer rekenskap aan ons Skepper gegee moet word, ook die regverdige wins ontvang kan word, naamlik die ewige lewe. Dan sal die lewe Christus wees en die sterwe wins.

## BRONNELYS

DU PLESSIS, F.J. 1956. Die aard, omvang en berekening van wins, met spesiale verwysing na die ekonomiese-, bedryfsekonomiese- en rekeningkundige standpunte. (Verhandeling, M.Comm., PU vir CHO)

ELOFF, T. 1976. Vervangingswaarde en vervangingsprys: 'n stelselanalise en krities literatuuroorsig. (Proefskrif, D. Comm, PU vir CHO)

GEERTSEMA, A. 1985. Die winsmotief en Christelike bestuursetiek. (Skripsie, MBA, PU vir CHO)

HAMMAN, W.D. 1971. Kapitaalbepaling, winsbepaling en bestuursverantwoording ten tyde van prysveranderings. (Proefskrif, DBA, Universiteit van Stellenbosch)

HAMMAN, W.D., JOUBERT, W.A., EN REDELINGHUYS, H.F. 1977. Income determination in a South African context. Juta : Cape Town.

HOUBERT, W.A., HAMMAN, W.D. 1985. Net income: principle and practice under inflationary conditions. Paper read on 30 October 1985, during the Teachers' Training Programme in Cape Town)

KOREY, G. 1985. Future-oriented management. Managerial futuristics. 23(5): 5 - 11. May.

REDELINGHUYS, H.F. 1972. Instandhoudingskriteria en winsbepaling. (Proefskrif, Vrije Universiteit, Amsterdam)

VAN DER MEULEN, J. 1963. Winstbepaling bij prijsfluctuasies en geldwaardeveranderingen. (Proefskrif, D.Comm, Universiteit van Stellenbosch)

VAN DER SCHROEFF, H.J. Rondom het winstprobleem. (In ANON., MAB 1924-1960. Deel I: 370-374. Purmerend J. Muusses)